



3) **FRANS IN ONS TYD: 'N KONKRETE
UNIVERSALITEIT**

M.J.H. du Plessis

FRANS IN ONS TYD: 'N KONKRETE UNIVERSALITEIT

INLEIDING

Om die huidige plek wat die Franse taal onder die vele tale van die wêreld inneem ten volle te begryp, moet ons ons afvra wat die werklike samewerkende faktore is wat die weg van Frans as internasionale taal geëien het en hom nou nog sy plek laat behou as 'n universele gebruikstaal. Teen hierdie agtergrond gesien, wat is die redes, nie alleenlik vir die kulturele waarde van Frans nie, maar ook vir die werklike praktiese behoefte aan 'n kennis van Frans wat in die jongste tyd in 'n toenemende mate in Suid-Afrika ontstaan? Ons sal in die loop van hierdie toeligting ook vir 'n wyle wegdraai op 'n uitdraaipadjie in die 17de eeu, om die eerste merkbare voetspore van die Franse taal na Suid-Afrika te volg.

Dit word naamlik in die jongste tyd duidelik dat die ware lewensloop van Frans, in stede van in sy verlede te lê, intendeel nou eers begin. „Hierdie taal”, soos Georges Duhamel sê, „bevat in sy substansie die essensiële elemente van die Hellenisme en die Latiniteit”. Hierdie taal mag wel in die toekoms geroepe wees om nie alleen op 'n Europese basis nie, maar werklik op Universele grondslag 'n rol te speel soortgelyk aan die Grieks van die antieke wêreld.

Frans is in sy wese, in sy historiese en suiwer taalkundige aard, in sy genealogiese oorsprong die voortsetting van die antieke Hellenisme en die Latiniteit. Dit is die taal wat teruggevoer kan word tot by Latium, in Sentraal-Italië, en verder tot by die grondlegging van ons Westerse Beskawing. Dit is, deur die eeue, die uitdrukkingsvorm self van die Westerse Beskawing.

Die eerste faktor in die aanvaarding van Frans as Universele gebruikstaal:

1. SY OORSPRONG

Die saak het maar klein begin. Die paar boere rondom Latium, in Sentraal-Italië, het nie gewet dat hul Latynse taal, 'n Italiese dialek, binne 'n paar eeue die taal van die hele beskaafde wêreld sou word nie. En meer as agt eeue later, in die jaar 813 van ons era, is die deurslag verder gegee toe 'n paar biskoppe by die Konsilie van Tours, in die Loire-vallei van Frankryk dié keer besef dat die klassieke Latyn nie meer deur die kerkgangers van die *menu peuple* verstaan word nie. Dit was immers in die vorige eeu al nodig om 'n Latyns-Romaanse *glossaire*, soort van 'n woordelys op te stel van Latynse woorde en hul Romaanse ekwivalente. En Augustinus het tevore al gesê „dis beter dat die volk ons verstaan as dat die geleerde grammatici ons kritiseer”.

„Melius est reprehendant nos grammatici quam non reprehendant populi”. Maar dit is eers die Konsilie van Tours in 813 wat besluit dat die priesters moet preek „in rusticam linguam aut theoticam”, dit wil sê, in die gebied van die Seine, die Loire, die Saône en die Rhône, sal voortaan in die „rustieke Romaanse taal” gespreek word, en in die Noorde en Ooste in die Germaanse taal (theotisca). Die eerste literêre monument van hierdie taal wat direk van Latyn afstam verskyn in 881: „La Séquence de Sainte Eulalie”. Reeds in 842 is ’n staatkundige ooreenkoms wat die toekoms van die hele Wes-Europa raak deels in dié taal opgestel: Die „Serments de Strasbourg”. In hierdie teks merk mens die verskil van die Latynse fonetiek, die vermindering van die ses naamvalle tot twee, en die vereenvoudigde, meer direkte sintaksis. Die inleidende woorde van die „Serments de Strasbourg” sou in die klassieke taal só klink: „Per Dei amorem et per Christiani populi et nostram communem salutem...” In die Vulger-Latyn egter verander dit na: „Por Deo amore et por chrestyano poblo et nostro commune salvamento...” Die teks self klink só: „Pro Deo amur et pro christian poblo et nostro commun salvament...” In die 15de eeuse Frans word dit: „Pour l’amour Dieu et pour le sauvement du chrestien peuple et le nostre commun...”, terwyl die moderne Frans nog duidelik sy oorsprong wys in „Pour l’amour de Dieu et pour le salut commun die peuple chrestien et le nôtre...”

Dit was dus die begin. ’n Begin waarin kommunikasie, die „self verstaanbaar maak” en die ooreenkoms tussen taalgroepe ’n belangrike rol speel.

2. LATYNS-ROMAANSE AFFINITEIT

’n Belangrike aspek wat hierdie kommunikasie moontlik gemaak het, lê juis in die oorsprong van Frans, wat ons wil karakteriseer deur sy Latyns-Romaanse genealogie en sy Latyns-Romaanse affiniteit, dit wil sê sy kultureeltaalkundige verbondenheid met Latyn. Met Latyns-Romaanse affiniteit bedoel ons die invloed van Latyn ná die ontstaan van die Romaanse idiome. Behalwe op die gebied van die woordeskat met sy massale ontlening van Latynse woorde, die sogenaamde Latinismes (Büchworter, mots savants) in alle Romaanse tale, word hierdie invloed ook op ander gebiede openbaar. Laat ons slegs op sintaktiese en semantiese gebied die nabootsing vermeld van die ablativus absolutus wat van die juriste-Latyn afkomstig is: „pendente lite” – ‘hangende die proses’ word onder invloed van die skool en die kansellary in Frans „pendant le procès”. So is die aantal geleerde woorde in alle Romaanse tale, behalwe in Roemeens, besonder groot. In hierdie opsig is Frans, genealogies ’n Latyns-Romaanse taal, ook volgens sy affiniteit, deur en deur Latyns. Mens kan maar net Tagliavini se *Le origini delle lingue neolatine* lees om te sien dat Frans seker die meeste van alle Romaanse tale gedurende die middeleeue en ook later via kerk, bestuur en skool deur Latynse woordeskat aangevul is.

Hierdie Latyns-Romaanse affiniteit kan ook 'n nie-Romaanse taal (byvoorbeeld Engels) tot sy invloedssfeer betrek. Dat 'n belangrike gedeelte van die Engelse woordeskate Romaans, meer in die besonder Latyns en Oud-Frans is, is algemeen bekend. In Duits ook is daar baie woorde waarvan slegs die materiële kant Germaans is, terwyl die semantiese kant, die ideologiese inhoud, Latyns of Romaans is: Vaterland, Gewissen, barmherzig, allmächtig, Mitleid, Ausnahme, Gegenstand, Lebenslauf is nabootsing (calques) respektiewelik van patria, conscientia, misericors, omnipotens, compassio, exceptio, oculo obiectum, curriculum vitae. Die Afrikaanse „uitdrukking, indruk” via die Duitse „Ausdruck, Ausdruchvoll, Eindruck” kan sonder die Franse „expression, expressif, impression” nie verklaar word nie. In Nederlands en in ander Europese tale is die toestand in dié opsig nie veel anders nie. Talryke „Lehnübersetzungen” volgens Latynse of Franse model is bekend: soos in die geval van die begrip „vooruitgang”: Latyn: progressus, Frans: progres, Italiaans, progresso, Duits: Fortschritt en selfs moderne Grieks het πρόοδος.

Ons kan dus praat van 'n toenadering van ander Romaanse tale en nie-Romaanse tale tot die kader van die Latyns-Romaanse affiniteit. Ons kan vasstel dat hierdie tale in dieselfde kulturele klimaat ontwikkel het en dat hierdie feit dien ooreenkomstig spore in die woordeskate nagelaat het. Daar bestaan dus 'n „mentalité Européenne”, 'n Europese mentaliteit, 'n taalkundig-kulturele eenheid, 'n „Gemeineuropäischer Wortschatz”, met as gemeenskaplike noemer die universaliteit en eenheid van Latyn en die Latyns-Romaanse affiniteit wat per slot van rekening niks anders is nie as 'n Europese affiniteit, die eenheid van die Weste. E. Auerbach noem dit in sy werk oor

Dargestellte Wirklichkeit in der abendländischen Literatur die eenheid van die Weste. Migliorini praat ook in 1948 in sy artikel *Calco e irradiazioni sinonimica* baie duidelik van die Europese taalkundige affiniteit. Hierdie eenheid van die Weste word in die laaste jare ook op literêre, kulturele, geesteswetenskaplike en ekonomiese gebied altyd duideliker gerealiseer.

As hierdie Latyns-Romaanse affiniteit van Romaanse kant van nader beskou word, dan moet daar vasgestel word dat van alle Romaanse tale die Franse taal verreweg die belangrikste plek inneem. Bezzola het in sy werk *Abozzo di una storia dei gallicismi italiani nei primi secoli* duidelik aangetoon dat die Franse invloed op Italiaans in die eerste eeue van besondere belang is, terwyl Tagliavini beweer dat die kultureel-taalkundige invloed van Frans op Italiaans in die 18de, 19de en 20ste eeue op alle gebiede, in leenwoorde en nabootsings aansienlik is. Die Franse invloed op Spaans is vanaf die 18de eeu deur die hele lyn buitengewoon groot, sodat selfs die Spaanse sintaksis deur Gallisismes beïnvloed is. In die Spaans van die hoofstad van Argentinië en in die Spaans van die hele Rio-de-la-Plata-gebied is die Franse taalkundige invloed, kwalitatief en kwantitatief veel groter as die Italiaanse, nieteenstaande die feit dat die aantal Italianers hier groter is as die aantal Franse. Die Romaanse (Franse) affiniteit van die Spaans van Argentinië is nie, of nie uitsluitlik aan die persoonlike kontak met die Franse, maar eerder aan die universele eksplansiewe

krag van die Franse kultuur te danke. Van alle vreemde tale is die invloed van Frans op Portugees nie slegs op leksikologiese, maar ook op morfologiese en sintaktiese gebied teenswoordig, in ons tyd, die belangrikste, en was dit in die 19de eeu nog aansienliker. Dit is dus duidelik dat elke Romanis wat hom in die studie van 'n ander Romaanse taal begewe, eers deeglik rekening moet hou met alle aspekte van die Franse taal.

Laat my u aandag nog vir enkele oomblikke bepaal by hierdie beginstadium van Frans, want die waarde daarvan vir ons latere betoog is aansienlik. Ek bedoel die kontinuïteit en oorsprong van hierdie Romaanse affiniteit. Die altyd toenemende sentrale posisie van Gallië in die Romeinse Imperium vanaf die 2de eeu veral op ekonomiese en kulturele gebied is 'n bekende feit. Dit begin egter vanaf die 5de eeu met die aanbreek van die tydperk van die Frankiese Merovingekonings en die Karolingiese tydperk leidend en later vir die Romaanse ontwikkeling beslissend word. Na die val van die Wes-Romeinse Ryk het die Romaans-Germaanse politieke en morele gemeenskap van die Merovinge en die Karolinge in Noord-Frankryk 'n nuwe middelpunt geword waaromheen die nuwe Westerse wêreld ontstaan het. Die Romeinse Ryksgedagte, die renaissance van Latyn en bygevolg die geboorte van Romaans, die politieke eenwording van die Weste, is die werk van Karel die Grote. Dit was die verdienste van die Romaans-Germaanse kontak in die Ryk van die Franke dat die Latyn in die vorm van Romaans kon voortbestaan en dat so-doende die Frankiese Galloromania die draer van die „Kontinuität des Abendlandes" word. Die kolonisasie-gebied van die Franke in Noord-Gallië en in die aangrensende lande van die Ryn word die bakermat van die Weste waaruit enersyds Romaans (Frans) en andersyds Duits ontstaan het. In die Ryk van die Franke, in sy Romaans-Germaanse milieu het Romanus as 'n taalkundig-kulturele begrip ontstaan en word Romania deur die Karolingiese vorste vir hul ryk gebruik.

Die nuwe Frankryk wat uit die ou Latynse Gallië ontstaan het, neem in die Merovingiese en Karolingiese tydperk van die Middeleeuse Europa 'n uitsonderingsposisie in. Daar kan staatkundig en kultureel van 'n Franse hegemonie gepraat word, waarby die Franse beskawing ten opsigte van die oudheid iets waaragtig nuuts gebring het. Net soos die Latynse taal en veral die Volkslatyn vanuit die ou Rome uitgebrei het, so het die Gallo-Romaans-Frankiese invloed op taalkundige gebied na Suid-Frankryk, na Italië en oor die Pyrenëë heen uitgebrei. Hierdie invloed kan nog direk toegeskryf word aan die magposisie van die Merovingiese en Karolingiese konings. In hierdie tydperk kan die begin gesien word van 'n Romaanse taalkundige toenadering en gevolglik van die Latyns-Romaanse affiniteit in die Ryk van die Franke, wat toe reeds Frans was. Daar is talryke Germaanse (Frankiese) woorde wat uit Frankryk as ekspansiewoorde van die Frankiese kultuurperiode na ander Romaanse tale gevloei het. So byvoorbeeld die Frankiese gardo. Gardo het eers die klooster-

tuin aangedui. Op die model van hierdie tuin het die middeleeuse kastele hul riddertuine aangelê en dit ook 'n gardo genoem. Gesien die belangrike rol wat die tuine in die ridderwêreld in die middeleeuse digkuns inneem, is dit begryplik dat die Frankiese woord gardo in die middeleeuse kultuurperiode juis in die land van die ridderlike beskawing in Frankryk in swang kom. Weens die geweldige invloed van die Franse digkuns kom die woord in gebruik in Italiaans (giardino), gaan hy oor die Pyrenië (Spaans: jardin en Port. jardim) en ook oor die Engelse kanaal (Eng. garden). Ek sou u te lank besig hou met die invloed van die sintaksis en die morfologie: Gamillscheg het in 1913 'n groot deel van 'n publikasie van die *Akademie der Wissenschaften* en Wenen daarmee gevul. Maar wat tog hier gestel kan word, is dat hierdie taalkundige invloed in die 10de en die 11de eeu regstreeks die geografiese weg langs die suidelike helling van die Alpe, die roete van die Franse pelgrims na Rome, gevolg het.

Dit was egter slegs die begin stadium van die Romaanse kultureel-taalkundige toenadering. Nadat Frankryk aan Europa die feodale sisteem en die ridder-ideaal gegee het, het hy in die daaropvolgende eeu en veral in die 12de eeu die hoogtepunt op die gebied van kuns en lettere bereik. Op die grootste bloei van die Middeleeuse Frans-Provensaalse beskawing, waarvan die monumente van die Oud-Franse en Provensaalse digkuns getuig, volg daardie geweldige ekspansie wat die kulturele grondslag van die moderne Europa gelê het. Hierdie ekspansie het nie slegs die ander Romaanse lande betrek nie, maar ook die hele Europa. Die oudste grammatikas oor Frans in die 13de en 14de eeu het in Engeland verskyn. Edouard III word die eerste koning van Engeland wat die parlement in Frans toespreek (1362). Engels neem die plek in van Frans in die Engelse skole teen 1380, maar Frans bly nog die taal van die kultuur en die hofhouding. Ook die regspleging behou nog lank die amptelike gebruik van Frans. Ferdinand Brunot teken aan dat die Engelse Parlement in 1650 bepaal het dat alle hofprosedure voortaan in Frans moet plaasvind, maar dit was nogtans nodig, voeg Brunot by, „de descendre jusqu' en 1731 pour trouver un acte qui abolisse définitivement le francais”.

Die Florentyn Brunetto Latini, leermeester van die groot Dante, skryf sy *Livres dou Tresor* in Frans, so ook die Italianer Martino de Canale aan die einde van die 13de eeu. Die reise van Marco Polo word deur Justicien van Pisa opgeteken in Frans: „Le Divisement dou monde, de Messen March Pol de Venece” in 1298. Die voortreflike werk van Jaques Duron *Langue française, langue humaine*, bevat oorfloedig getuigenis van die gebruik van Frans in die 13de eeu in Duitsland, die Skandinawiese lande en die Balkanlande. Die Katalaanse kroniekskrywer Ramon Muntaner teken in 1325 aan dat daar in Griekeland net so 'n goeie Frans gehoor word as in Parys. Maar is dit nie vandag nog waar nie dat 'n stad soos Athene een van die plekke is waar die beste Frans gehoor word nie? Ons sien dus dat die ooreenstemminge tussen

die Romaanse tale naas en soms bo die Latyns-Romaanse genealogie om ook 'n ander verband het, en dit is veral die sterk Gallo-Romaanse, Frans-Provenσαalse kultureel-taalkundige toenadering. Dit gaan hier om 'n affiniteit, wat, soos ons gesien het, nie uitsluitend Romaans is nie, maar Latyns-Romaans. Dit is ook nie alleen tot die Appenynse en Iberiese skiereiland beperk nie, maar dit vorm 'n kontinuïteit tot in ons tyd.

3. DIE EKSPANSIE VAN FRANS, OOK NA SUID-AFRIKA

Maar om nou nader na ons tyd te kom, moet ons nog die lyn deurtrek na die klassieke tydperk, die 16de en 17de eeue. As die skolastiek reeds die Franse beskawing voorberei het vir sy 'universele' ekspansie, dan is dit die groot Descartes wat alle eer kry saam met die klassisisme van die 17de eeu om aan die Franse taal daardie afgeronde presisie en finesse te gee wat vandag nog die uitstaande eienskap daarvan is. In die 17de en 18de eeue word Frans die algemene taal van die Europese nasies. Dieselfde Lodewyk die 14de wat die toon aangee in Europa verdryf egter ook meer as 300 000 hugenote uit sy land uit. Die algemene verspreiding van Frans maak dit moontlik dat hierdie vlugteling oral ontvang en ook verstaan word. Aan die ander kant ontstaan daar sterk Franse Protestantse gemeenskappe in die toevlugsoorde. Holland alleen sien 60 000 vlugteling binnestroom. Michel Richard noem hierdie vlugteling die „fine fleur des intellectuels protestants”, die room van die intellektuele protestante. Engeland ontvang soveel as 50 000 vlugteling, die adellikes en die bourgeoisie. 30 000 vind hul toevlug in Duitsland waar hulle 'n belangrike rol gaan speel in die kerklike organisasie. Suid-Afrika ontvang ook sy deel vlugteling in 1688.

In sy kommentaar oor die vlug van die protestante na Holland, ná die herroeping van die Edik van Nantes, skryf niemand anders nie as Voltaire in 1751: „Daar was van hulle wat hul gevestig het tot so ver as die 'Cap de Bonne-Espérance', die Kaap en Goeie Hoop”. Voltaire vervol: „'n Neef van die beroemde Duquesne, luitenant-generaal van die vloot, het daar 'n klein kolonie gestig, in daardie uiteinde van die wêreld (extrémité de la terre); die kolonie het nie floreer nie, die wat daar geland het, het byna almal omgekóm. Daar is wel nog enkele oorblyfsels van daardie buurkolonie van die Hottentotte”. Hierdie woorde van Voltaire bewys dat die inligting oor Suid-Afrika in 1751 uiters swak was; dit wys ook op die gevaar van die geskiedskrywing oor byna kontemporêre feite.

Soos reeds gestel, het uit 'n totaal van 350 000 vlugteling uit Frankryk ongeveer 60 000 'n toevlugsoord in Holland gevind. Na verhouding is dit 'n redelike groot getal op so 'n relatief klein oppervlakte. Aanvanklik het die *Here Sewentien* geen begeerte gehad om emigrante na die Kaap te stuur nie.

Dit is egter bekend dat hierdie politiek verander het onder die invloed van Simon van der Stel. Dit was dus 'n logiese oplossing om die gevraagde koloniste onder die nuwe aankomelinge uit Frankryk te werf. Sewe skepe het vanaf 31 Desember 1687 uit Holland na die Kaap vertrek, met ongeveer 200 vlugteling aan boord.

Afkomstig uit alle dele van Frankryk, was daar tog 'n gevoel van hegte eenheid onder die nuwe aankomelinge wat een vyfde van die Kaapse bevolking uitgemaak het. As hulle hul Son-koning, Lodewyk XIV misken het, het hulle nog nie hul afkoms misken nie. Volgens Déhérais, in sy boek oor *La Cap de Bonne Espérance au XVII^e siècle*, en aangevul deur 'n artikel van J.B. Rabie in 1931 oor *L'arrivée des Réfugiés au Cap de Bonne-Espérance* (in Bulletin de la Soc. d'Hist. Prot. fr., April—Mei 1931, p. 227-228), wou die Franse Hugenote ten alle koste bymekaar bly en hul taal praat. Dit was, saam met hul geloof, hul enigste band van eenheid.

Daar bestaan 'n interessante werk van Fr. Leguat, in twee volumes, getitel *Voyage...*, gepubliseer aan die einde van die 17de eeu. Op bladsy 125 van volume 1 lees ons 'n kommentaar op die gravure van die titelblad, waar 'n Hugenote-vlugteling uit 'n Bybel lees langs 'n pilaar met die inskripsie: „Nos patria Pulsos”. Leguat skryf dat hy onder die Hugenote 'n groot aantal Bybels, psalmboeke, kommentare op die Nuwe Testament en preke aangetref het. Aan Leguat is meegedeel dat die predikant van die Hugenote, Pierre Simond, besig was met 'n nuwe Franse vertaling van die Psalms, wat neerkom op 'n hersiening van die uitgawe van Marot en de Bèze. Volgens Leguat, volume 2, p. 149-150, is hierdie verwerkings ook bedoel om aan die slawe die Christelike geloof te bring. „Ils enseignaient la religion aux esclaves nègres et leur montraient à lire et à écrire — en français naturellement” — „Hulle het hul geloof aan die neger-slawe gebring en hulle geleer lees en skryf, in Frans natuurlik”, sê Leguat, 'n ooggetuie. In elk geval, hierdie vertaling van Simond sou later in Amsterdam in druk verskyn, in 1703, onder die titel: *Les Veillées Africaines ou les Psaumes de David mis en vers Français*. Hierdie getuie is van die eerste literêre aktiwiteit van Frans aan die Kaap word ook aangevul deur die Registers van die Kerk van Drakenstein, vanaf 1694 tot 1713, 'n kosbare bron van inligting oor die geskiedenis van die Hugenote.

Hierdie belowende begin van Frans in Suid-Afrika is egter gou beëindig: Die geskiedenis en redes is oorbekend. Op die versoek van die Franse gemeenskap om 'n eie gemeente te stig, was Van der Stel se antwoord: „Waarom sou u nie nou ook u eie magistrat, u eie kommandeur en u eie prins vra nie?” Op die volgende versoek van die Hugenote om hul eie skool te kry sodat hul kinders in hul tradisie en taal opgevoed kan word, is daar ewe negatief gereageer. In die praktyk het die Franse onderwyser, Paul Roux, tot in 1700 sy lesse in Frans gegee, en alle offisiële plakkate is in die twee tale van die Kaap, Hollands en Frans, opgestel. Maar in 1702 vertrek die predikant, Pierre

Simond terug na Europa. Saam met Simond, „homme d'un caractère difficile” – ’n man met ’n moeilike karakter – volgens Brunot, het Frans sy grootste steunpilaar aan die Kaap verloor. Sy ywer om die Franse idioom aan die gang te hou, die taal van die Bybelvertaling te moderniseer en die Calvinistiese geloof aan die nie-blankes te bring is die eerste geestelike monument vir Frans aan die Kaap. Simond is vervang deur ’n Hollandse predikant wat ook dienste in Frans moes hou.

Die Franse het protesteer, en in 1703 volg ’n petisie. Maar die Here XVII was vasbeslote. Selfs die versoek om twee dienste per maand in Frans te hou is nie toegestaan nie. Die gevolg was dat die daaglikse gebruik van Frans teen 1723 net tot enkele gesinne, ongeveer 25, beperk was. Aan die einde van die derde geslag was die assimilasië voltooi. As Francois Levaillant die Kaap in 1781 besoek, soek hy ywerig al die afstammeling van die Hugenote-families op. Net een grysaard van Drakenstein kon hom nog met redelike gemak volg.

In sy heel resente boek oor die *Histoire de l'Afrique du Sud*, ’n boek wat baie goed ontvang is in die Franse pers, toon Rober Lacour-Gayet aan dat die Hugenote in ’n beslissende mate bygedra het tot die geestelike bewapening van die Afrikaner. Hulle is die voorvaders van die Afrikanernasionalisme; volkome afgesny van hul land van herkoms, anders as die Hollandse bevolking, het Suid-Afrika van die begin af hul enigste vaderland geword.

In Holland versterk hierdie groot getal Hugenote die reeds bestaande Franse gemeenskap. Vanuit Amsterdam, waar Descartes se „discours de la Méthode” reeds gedruk is en ook byna al Bayle se werke, versprei daar nou daardie polemiese, kritiese literatuur wat die hele volgende eeu gaan skud in Revolusie. Die Franse literêre produksie in Holland dra nie alleen by tot die beslissende „crise de la conscience européenne”, die Europese „gewetenskrisis” nie, dit maak ook van die Franse taal die instrument van geestelike vorming, by uitnemendheid die instrument van die ontledende gees.

Hiervan sê Duron:

„C'est un courant irrésistible, en vérité, que celui qui impose le français dans la Société Européenne. Il gagne les cours et les chancelleries aussi bien que les cercles littéraires”.

In 1719 skryf Du Bos:

„Lorsqu'un ministre allemand va traiter d'affaires avec un ministre anglais ou un ministre hollandais, il n'est pas question quelle langue ils employeront dans leurs conférences, la chose est convenue depuis longtemps. Ils parlent français”.

Hierdie aanhaling bring ons by Frans, taal van die diplomasië. In volume 5 van sy monumentale *Histoire de la langue Française* beskryf Ferdinand Brunot

hierdie taal wat voortaan in die diplomatieke aktes van die 18de eeu „universeel” gebruik word, selfs in gevalle waar Frankryk nie die kontrakterende party is nie. Ook word die ooreenkoms van Versailles in 1783 in Frans opgestel om amptelik die onafhanklikheid van die jong Verenigde State van Amerika te erken.

Dit word nou die historiese rol van die Franse taal: om vorm en sin te gee, uitdrukking van die soekende gees; om volkere bymekaar te bring en te getuig vir en van die menslike gees. So was dit reeds na die barbaardom, om die nuwe Germaanse bydrae te verenig by die ou Gallo-Romeinse erfenis, om só die Westerse Christelike beskawing voor te berei en in te lei in die veranderende eise van die tyd. Só kry hierdie taal sy verdere sin en beslag in daardie koersagtige avontuur van die Renaissance, wat by sy kunstenaar en skepper Italië begin en in Frankryk die ware weg van ’n universele en egte humanisme wat die Hervorming voorafgaan, en die taal van Calvin, eerste teologiese geskrifte in die Franse taal, wat by uitnemendheid die waarde van Frans bewys as instrument van die ontledende gees.

4. DIE WESE EN AARD VAN FRANS

Die eeue wat volg toon aan dat, in die geval van Frans, die kulturele en taalkundige invloed van ’n land nie altyd verband hou met sy politieke outoriteit nie. Daar is inderdaad ook ander omstandighede, soos die skittering van sy kultuur, die krag van sy kunswerke. Daar is die aanpasbaarheid van die Franse taal wat in die 19de eeu so kleurryk en vol word met die koms van die Romantiek en wat hom ook daarna maklik aanpas by die eise van die moderne wetenskaplike wêreld. Alle tale tog het hul eie genie, hul kultuur, hul skoonheid, hul hoogtepunte; sekeres is seker ook ryper as Frans of Engels in hul uitbeelding, hul musiek en poësie. Maar nogtans, behalwe miskien Engels is daar nie nog ’n taal wat tot dusver ’n gelyke universaliteit kan toon nie. Waarom? Is dit die kenmerkende persoonlikheid van die taal wat hom dwarsdeur sy ontwikkeling in staat gestel het om ’n houvas op die natuur te verkry en terselfdertyd die sogenaamde „etiek van die gees” te bevorder? Volgens Duron is dit juis die „etiek van die gees” wat die weg vir Frans as internasionale taal gebaan het. Veel is in die verlede gesê oor die helderheid, redelikheid en logika van Frans, wat miskien waar is, maar nie die hele waarheid bevat nie. Duron wys daarop dat die Franse poësie byvoorbeeld in hoë mate geskakeerd is; dat dit die onbewuste sowel as die bewussyn kan suggereer; en dat dit hom kan aanpas by die gedagtelewe van manne wat so ver uit mekaar geleë is soos Descartes, Bossuet en Voltaire, maar dat dit ook die taal is van Lautréamont en Claudel. Mens kan hier ook al die bevindings van die statiese taalbeskouing aanhaal, in sy soeke na die geheel, na die sisteem, na die konstante, na die „Gefüge” die „Wesensgestalt”, kortom na die struktuur, die kenmerkende van die taal. Dit is die taalbeskouing wat vanaf Du Saussure en die opkoms van

die sinkroniese taalbeskouing wetenskaplik beoefen word. Hoewel daar volgens hierdie metodes wel kenmerkende kriteria neergelê kan word, bly dit in baie gevalle slegs persoonlike, subjektief-impressionistiese kriteria. Soos byvoorbeeld die abstrakte karakter van Frans relatief is, so is dit ook met die bewering dat Frans „une langue logique” sou wees. Frans word byvoorbeeld onder andere daarom as ’n logiese taal gekenmerk, omdat hy by die volgorde van woorde logiese prinsipes toepas. In die klassieke, korrekte prosa word die onderwerp voor die predikaat gestel en eers dan volg die voorwerp: dit het dus ’n logiese volgorde en vermy die inversie, selfs wanneer die sin met ’n bywoordelike bepaling begin: byvoorbeeld „Dans la rue, j’ai rencontré un ami”. Die vir die hoorder bekende, psigologiese subjek word vooraan geplaas, en die nuwe element, die psigologiese predikaat in die eindposisie. Dit gaan dus geleidelik van die bekende na die nuwe, van die minder belangrike na die belangrike.

In die teken van hierdie „rapprochements” word die saaklik bymekaar behorende lede van die sin ook bymekaar gehou, die logies bymekaar behorende word nie geskei nie. „J’ai rencontré mon ami” en nie „Ek het my vriend ontmoet” nie. Hoewel hierdie logiese volgorde steeds gehandhaaf bly, kry mens egter in die nuwere romankuns baie voorbeelde van inversie van onlogiese volgorde en selfs van onduidelikheid. En juis hierdin lê een van die gevare wat die taal juis bedreig. Veral die Franse taal wat ’n dissipline vir die gees is. Die „Nouveau Roman” staan naamlik blykbaar vreemd en koud teenoor die essensiële funksie van die taal, die presiese kommunikasie van gedagtes en idees. Hierdie estetiese van die deformatsie en obskureitit verkrag die wese van die taal self, dit word ’n goedkoop eksperimentele avontuur waarin die boodskap van die taal verwarrend en onseker oorgedra word. Daardie „logiese” en „duidelike” (clarté) karakter van Frans is dus ook ’n relatiewe opvatting. Die taalkundige van formaat Dauzat het aan die einde van sy lewe sy laaste werk gewei aan: *Le génie de la langue française*. Daarin sê hy: „Il serait faut de croire que le français soit clair par lui-même, qu’il porte en lui la clarté comme une vertu congénitale. Le français est clair si on sait le manier”. Dit wil sê Frans kan alleenlik „clair”, duidelik, wees as mens weet hoe om dit te gebruik. Maar Duhamel in sy „Discours aux nuages” voeg hierby „La langue française comporte en soi tout ce qu’il faut aux esprits clairs pour s’exprimer clairement”. (Frans besit in sy wese, op grond van sy vorming alle eienskappe om helder aangewend te word deur heldere denkers). Frans, dit is waar, is gebore uit ’n nasionale temperament wat die presiesheid en helderheid van taalgebruik vooropstel. ’n temperament wat onduidelikheid in woordgebruik vermy en hom deur die eeue beywer vir die presiesheid in uitdrukking. ’n Legioen van skrywers van Malherbe af ywer met ’n religieuse toewyding, onder die hoë outoriteit van die Akademie van Richelieu, die „Académie française” om die Franse taal suiwer en helder te hou. En hoeveel ander organisasies, ook in ander Franssprekende lande, werk nie saam met die Akademie vir hierdie

behoud nie? Die „Office du français Universel” lê sy norme neer en waak teen vreemde invloede, saam met die „Office du bon langage” in Brussels, „Fichier français” in Berne, die „Office de la langue française” van Quebec, sonder om te praat van „Cercle de presse Richelieu” en die „Office du Vocabulaire français” in Parys. Soos alles wat leef, verander en evoluer ’n taal ook. As u byvoorbeeld ’n ou Engelse woordeboek van 1881 opneem, is dit opmerklik dat die nuwere uitgawe van Oxford, 1956, die eersgenoemde geheel en al verouderd maak. Só vinnig verander Engels, bewegende en beweeglike taal, leksikaal en foneties, selfs só vinnig onder die invloed van amerikanismes, dat die humor van Bernard Shaw geensins misplaas is nie as hy sê dat Engeland en Amerika twee lande is wat geskei is deur dieselfde taal.

Maar as ons nou die Littré-woordeboek van 1863, of die Larousse van 1866 neem en hulle vergelyk met die Robert van 1960—1964, dan is die kontinuiteit en stabiliteit die treffende eienskap. Daar is baie bygevoeg, maar daar is nie laat vaar nie. Die aanpassing van Frans by die huidige eeu het geskied teen ’n wyse en oorwoë pas. Die romantisme en die naturalisme het reageer teen die oordrywing van die klassieke abstrakte taal. Frans is gemoderniseer, gepopulariseer selfs om aan te pas by die moderne verhoudings en tegnieke, sonder om sy wesenlike karakter of selfs die minste van sy eeue-oue voorkoms te verloor. Dit is maar net nóg een van daardie menige kontradiksies of teenstrydighede van die Franse karakter. Tegelyk openhartig, sonder inhibisie en tog geheimsinnig, is hulle in staat om die wêreld te verander en tog hulself te bly in hul metamorfose. Hulle omvorm die geskiedenis met hul rewolusies, terwyl hulle verandering aan hulself nie duld nie. Hulle kom telkens met nuwe idees wat by hulself met bloed en vuur geskryf word en wat andere byna ongemerk aanvaar, maar hulle taal wat die verandering beskryf, bly in sy wese onveranderd. Mens vind hulle nooit weer waar jy hulle gelaat het nie, die bladsy is altyd nuut maar die boek bly dieselfde, wonderlik leesbaar en duidelik want dit is dieselfde taal wat die bladsy vul met ’n sintaksis wat nooit presies dieselfde is nie. In watter land nog, veral waar dit gaan om ’n land gevul met 50 miljoen individue en meer as 200 klassoorde, sal soveel behoeders van die taal, soveel Alexandrynse Aristarchosse nog verdra word? Waar is taalpuriste beter verseker van ’n gehoor, as hul taal rubrieke die mees gelese bladsye van die koerant is, en waar die leserspubliek die definisies en voorskrifte van die Akademie net so druk bespreek soos die spyskaart van die Elysée-palais?

As antwoord op ons vorige vraag, naamlik waaraan die historiese universaliteit van Frans toe te skryf kan word, kan ons nou samevattend antwoord: vorm en inhoud, struktuur en substansie, herkoms en meriete, dit alles is verenig in ’n taal van hoë afkoms waarby die eeue die waarde van ’n ongeëwenaarde kultuur bygevoeg het. ’n Taal wat in staat is om al die feite wat op die mens betrekking het uit te druk; ’n taal gevorm om die toekoms te gryp sowel as om die tradisies van die verlede uit te druk; ’n taal terselfdertyd lewend en gedissiplineer, buigbaar en tog standhoudend, dit, volgens Duron, „is Frans —

in die sorg van die Franse, maar nie van hulle alleen nie, maar ook van die 80 miljoen ander wat dié taal buite die vaderland praat en dit as 'n essensiële deel van hul bestaan beskou".

5. KONTINUÏTEIT EN HERLEWING IN DIE MODERNE TYD

Niemand kan vandag meer twyfel aan die onmiskenbare herlewing van die Franse taal oor die hele wêreld nie. Na die moeilike tye in en rondom die laaste oorlog neem Frans weer met meer krag as tevore sy plek in as internasionale gebruikstaal. Marc Blancpain, algemene sekretaris van die Alliance Francaise, praat van die „honorable seconde place du francais". Mens moet daarby onthou dat Frans nie 'n „langue de masse", 'n „massataal" is nie. Hierdie uitdrukking is seker van pas in die geval van Chinees, Engels, Arabies, Spaans en miskien Russies, selfs Duits en Portugees word deur meer mense gepraat, maar mens kan dit nie op Frans van toepassing maak nie.

51 miljoen Franse in die metropolis, 5 miljoen Belge, 1 miljoen Switsers, ongeveer 6 miljoen Kanadese, die gelultiveerde élite van Noord-Afrika, in die lande van die ou Indochina, in Madagaskar, Mauritius, Haïti en 'n paar eilande versprei in alle oseane, en die enigsins ontwikkelde boonste lae van Wes- en Sentraal-Afrika — in totaal miskien 80 miljoen mense wat Frans praat, of, ten minste, wat daarvan gebruik maak om kennis te versamel of om met die res van die wêreld te kommunikeer. In Wes- en Sentraal-Afrika is daar nou tekens, ten spyte van enkele gevare wat daarop dui, dat die massa bevolkings self reeds begin om die kultiveerde élite te volg. Maar die waarde en belangrikheid van 'n taal word nie alleen gemeet aan die aantal mense wat dit praat nie. Hierdie waarde hou meer verband met die verspreiding, oor die hele aardbol, van die mense wat dié taal ken en dit gebruik wanneer dit nodig of van pas is. Vanuit hierdie oogpunt beskou, geniet die Franse taal, wat vandag meer en beter geleer word in byna alle lande, 'n besonder bevoorregte posisie, en is dit seker nog net Engels wat meer verspreid oor die wêreld voorkom.

Wat is nou die oorsaak van hierdie herlewing? Soos so pas gestel, is Frans nie die taal van een van die groot mensemassas wat die lot van ons wêreld, politiek gesproke, in hul hand het nie — die Anglo-Amerikaners, die Russe of Chinese. In dié geval moet die feit dat dit nog steeds in toenemende mate gebruik word gesien word teen sy historiese kulturele agtergrond, soos ons in die eerste deel van hierdie rede probeer aantoon het. Dit impliseer naamlik dat Frans 'n min of meer unieke, onvervangbare element besit — presies dit wat sy besondere genie bepaal.

Frankryk self het hom die afgelope jare ook besonder ingespan vir hierdie herlewing. Niemand kan vandag ontken nie dat Frankryk, aangevuur deur die ongeëwenaarde nasionale idealisme en vaderlandsliefde van Generaal de Gaulle,

'n dinamiese krag geword het wat teenwoordig is onder die voorste plekke op alle terreine van die moderne wêreld. Deels ook as gevolg hiervan is Frans stelselmatig gehandhaaf en uitgebou in feitlik alle lande wat daarvoor in aanmerking gekom het. Die resultate wat behaal is, is des te skouspelagtiger as 'n mens in aanmerking neem dat daar geen groot finansiële steun vir dié werk was nie.

Twee Franse staatsdepartemente het hulle besonderlik vir dié taak ingespan: die afdeling kulturele verhoudinge van die ministerie van buitelandse sake (les Relations culturelles du ministère des Affaires Étrangères), en die ministerie van kulturele sake self.

Die bemoeiinge van die Franse staat sou egter kragteloos gewees het as hulle nie kon reken op die geesdriftige steun van talle private of half private organisasies en liggame nie, soos die Alliance Française, aan die hoof waarvan vyftien jaar lank reeds Marc Blancpain staan. Die verspreiding en krag van die Alliance Française, 'n private onderneming, is opsigself 'n aanduiding van die algemene herlewing van die Franse taal: 1 500 komitees geaffilieer met Parys oor die hele wêreld, ongeveer 400 000 lede met 200 000 studente. Die tydskrif *Esprit* het onlangs 'n hele repertoire van institute gepubliseer wat die Franse taal en kultuur in die buiteland versprei. Onlangs is deur regeringsbesluit 'n „Haut Comité pour la Défense et l'Expansion de la Langue française” gestig. 'n Internasionale Raad — „Le Conseil International de la Langue française”, onder voorsitterskap van Maurice Genevoix, ere-sekretaris van die Franse Akademie, waak oor die eenheid en behoud van moderne Frans in alle Franssprekende lande. So ook het die „Communauté des nations Francophones” tot stand gekom op inisiatief van President Léopold Senghor van Senegal en President Bourguiba van Tunisië, as 'n internasionale organisasie vir taal en kultuur. In dieselfde verband moet ook genoem word die stigting „Défense de la langue française” en die „Comité consultatif du langage Scientifique”. Onder Franse skole in die buiteland wat deur die Franse regering gesubsidieer word, tel onder andere ook die inrigtings van die „Comité Protestant des Amitiés françaises à l'étranger”. Die Franse Radio en Televisie beywer hom in die besonder om die Franse taal en kultuur oor die wêreld bekend te maak. Die „Direction des Relations Extérieures” van die O.R.T.F. realiseer radio en televisie-uitsendings wat deur die betrokke ministeriële departemente in die buiteland versprei word. Meer as 'n honderd lande maak gereeld hiervan gebruik.

Die „Direction des Affaires Culturelles” van die Ministerie van buitelandse sake publiseer jaarliks 'n verslag oor die aktiwiteite van hierdie verskillende organisasies. Uit die jongste verslag tot my beskikking, dié van 1966, haal ek die volgende samevatting aan: „Die sterk beweging onder die lande waar Frans of die moedertaal of die amptelike kultuurtaal is om kragte saam te snoer op kultureel-taalkundige gebied, sowel as die groeiende plek wat Frans inneem in die onderwys in alle lande van die wêreld, dui op die toenemende

vertrouensposisie van hierdie taal”.

Uit die verslag blyk verder (ek vat dit baie kortliks saam om u nie met te veel syfers te verveel nie), dat Frans as nasionale taal of as eerste kultuurtaal in 31 lande onderrig word, en as vreemde keuse-taal in 64 ander lande, waarvan 21 lande dit verpligtend maak. Daar is altesaam 1 123 hoërskole buite Franssprekende lande waarin Frans die enigste voertaal is, en waar 700 000 kinders hul onderrig ontvang.

Uit dieselfde verslag blyk ook dat die grootste toename te bespeur is in Engelssprekende lande, die Verenigde Koninkryk self, die VSA en Noord-Amerika en in die voormalige Engelse gebiede in Afrika. Op Engelse laerskole het 'n amptelike proefneming in die onderrig van Frans aan meer as 100 duisend kinders baie goeie resultate opgelewer. Tans word Frans aan alle hoërskole in Engeland gedoseer, waar by die 2 miljoen kinders dit as eerste verpligte vreemde taal gekies het. Besondere toename word gemerk in die Engelse Universiteite, veral op die natuurwetenskaplike en tegniese gebied.

In die VSA neem 40 persent van die studente in moderne tale Frans (teenoor 31,5 persent wat Spaans kies). In Rusland het 25 persent van die leerlinge in die middelbare onderwys in 1966 Frans geneem, wat 'n toename van 10 persent ten opsigte van 1964 toon. Vanaf 1967 bied die Russiese televisie klasse in Frans aan volgens die modernste metodes. Dit is interessant om daarop te let dat in Hongarye, Boelgarye en Roemenië meer as 75 persent van die kinders Frans neem op die vlak van die middelbare skool.

Soos reeds opgemerk is daar alle rede om te glo dat die massa in die Franse gebiede van Afrika begin om die élite wat deur die Franse taal gevorm is na te volg. Dit is trouens die enigste taal waardeur hierdie state met mekaar kan kommunikeer. Die belangrikheid van die rol van die Franse taal as enigste kommunikasiemedium vanaf die Mediterreense Noord-Afrika, wat die natuurlike verbinding vorm met Europa, tot in Wes- en Sentraal-Afrika, word deeglik beseft deur die Amerikaners sowel as die Russe en Chinese. Daarom sal hulle hulself in Frans moet uitdruk om ingang te kry tot hierdie wêrelddeel wat Eurafrika genoem kan word. Die voormalige Engelse gebiede van Afrika toon uit die aard van omstandighede 'n groter belangstelling in die offisiële taal van die Wes- en Noord-Afrika state. In Ghana, Nigerië, Liberië en Sierra Leone, bure van Frans-Wes-Afrika, het die studie van Frans verpligtend geword op skole. In Zambië en Kenia vorm Frans die eerste keuse van verpligte moderne tale.

Sy houvas op Swart Afrika is 'n besondere bewys van die aanpasbaarheid van Frans. Onder die veelheid van inboorlingtale het dit 'n onverwagte eenheid bewerkstellig, terwyl Leopold Senghor, voormalige onderwyser en dosent van Franse letterkunde in Frankryk self, en tans president van Senegal, 'n digter van aansien in dié taal geword het. Die literêre aktiwiteit van die Afrika-

lande het in die afgelope paar jaar 'n aantal werke van uitstaande gehalte gelewer. Hierdie werke het besondere aandag in Europese literêre kringe geniet vir die wyse waarop die gedagtelewe en mistieke nuanses van Afrika in 'n neolatyense taal uitgedruk kan word.

Op die gebied van die Internasionale verhoudinge kom die universele konkreetheid van Frans die duidelikste na vore. As juridiese instrument was Frans feitlik die eksklusiewe taal van die diplomatie en internasionale konferensies tot met die eerste wêreldoorlog, as gevolg van sy Latynse erfenis. As 'n besondere prerogatief is dit vandag die amptelike taal van die wêreldhof in Den Haag. Die Volkerebond, voorloper van die VVO, maar van Europese samestelling, het nog 'n hele generasie van manne opgelewer, gevorm in die retoriek van Aristide Briand en Hymans. Vandag setel die Verenigde Volke in New York. Die oorplasing van die ou wêreld na die nuwe wêreld het 'n hele omwenteling meegebring, wat saamval met die nuwe benadering van die institusionele en tegniese diplomatie. 'n Lokaal gewerfde, eentalige amptenare-personeel het die tegniese funksionering van die VVO in die rigting van 'n Amerikaanse hegemonie gedwing. Op aandrang van verskeie Latyns-Amerikaanse state, Europese afvaardigings en Arabiese state, en veral na die massiewe toetrede van 22 Franssprekende Afrikastate moes Frans, saam met die reeds erkende Spaans en Russies, amptelik aanvaar word as werkstaal van die VVO. Vandag word 40 persent van alle toesprake in die VVO in Frans gehou. Anders as in die vroeë vyftigerjare, moet die Sekretariaat, die afvaardigings en persagent-skappe byna vyftig persent van sy personeel onder Franssprekendes werf.

Wat Europa self betref en die Europese Gemeenskapsmark, moet dit duidelik gestel word dat die moontlike toetrede van die heer van oor die Kanaal nie die regte van die Europese supra-nasionale tale, Frans, Duits en Italiaans kan ontneem nie. Hierdie Europa in wording, wat op pad is na 'n plurikulturele nasie, het een algemene gebruikstaal, een supranasionale taal net so nodig as 'n aanvaarde politiek-ekonomiese beleid. Die onderpresident van die Nederlandse komitee van die Europese Gemeenskapsmark, professor Gerard Abels, het reeds daarop gewys dat die aanvaarding van Engels die deure te wyd sou oopmaak vir die Amerikanisering van Europa. 'n Internasionale komitee is reeds saamgestel met opdrag 'n aksie van informasie met die oog op die aanvaarding van Frans as „langue officielle principale” van die Europese Institusies. Sy Europees-Latynse affiniteit laat Frans in die eerste plek as sodanig geld, en voortvloeiend daaruit, die feit dat dit die taal is van drie van die bestaande vyf lede van die E.G., met die noue verwantskap van Italiaans en Frans daarby as verdere faktor. Die komitee stel dit duidelik dat die aanvaarding van Frans alleenlik kan geskied met die behoud van die Europese, nasionale en regionale kultureel-taalkundige diversiteit.

Op hierdie wyse word Frans dus 'n beginsel van samebinding en kommunikasie, 'n taalkundige en geestelike universaliteit, maar veral 'n konkrete universaliteit

met 'n spesifieke funksie in die hedendaagse verwarrende soeke na dialoog, kontak en kommunikasie.

Niks is so ver verwyder van hierdie ideaal as die verwyrt van 'n intellektuele imperialisme nie. Onder konkrete universaliteit verstaan ons dat die eie nasionale kultuur verryk kan word deur die vrye toegang tot so 'n roemryke kultuurtaal. Daardeur word die eie identiteit van die nasionale karakter beklemtoon en die variëteit en verskeidenheid van bevolkingsgroepe beveilig. Toegepas op die besondere omstandighede van die blankedom in Suid-Afrika, in besonder die posisie van die Afrikaner, beteken dit dat die kennis van Frans, die taal van 'n stamland, kan dien as 'n skansmuur vir die behoud en uitbouing van ons eie kulturele, nasionale en taalkundige identiteit, wat in die toekoms nog ernstiger as nou bedreig gaan word. Ons Wes-Europese genealogiese verband en die ewe duidelike kontinentale affiniteit ten opsigte van ons klassieke erfenis, maak die kennis van 'n Neo-Latynse taal, en veral van Frans, gebiedend noodsaaklik.

Die koms van die Republiek in Suid-Afrika het 'n verrykende taalkundige konsekwensie meegebring. „Afrikaans, ons moedertaal, wat in die ou Angelsaksiese gemenebestelike verband 'n minderheidstaal was (ek haal aan uit die tydskrif vir Letterkunde), word nou in Republikeinse verband buite die gemenebes van state 'n meerderheidstaal”. Ons bly natuurlik in die nuwe bedeling nog beskik oor die uitstekende dienste van Engels, maar dit is nou duidelik dat ons uitgegroeï het bokant wat Engels alleen kan bied, en dit beteken dat ons verplig is om elders te vind en aan te vul wat kortkom van dié dinge waarmee die gees gevoed word. Buitekant die wêreld van Engels gebeur daar heel veel wat vir ons van betekenis, van lewensbelang is, en ons sal moet toesien om wat dáár gebeur tot ons eie voordeel in te haal.

Sou Frans nou om hierdie redes aanspraak kan maak om op al ons skole ingevoer te word, sê dan maar as nog 'n „derde” taal, na Afrikaans en Engels? Dit sou 'n middel wees waardeur ons ons eie „koloniale” verlede te bowe kan kom, deur kennis te maak met 'n ander taal as Engels, 'n Europese taal, roemryk in sy verlede en universeel in die hede.

Dit bied ons onteenseglik een van die sleutels tot die wêreld en veral tot Afrika, waarin Suid-Afrika nou op die drumpel staan van 'n roeping om 'n groot rol te speel.

Dat Frans feitlik nie in die Afrikaansmediumskool bestaan nie, en dat dit met moeite aan die Afrikaanstalige Universiteit vertroetel moet word, het vir ons slegs verarming beteken. Dit berus in ons eie hand om dié toestand te verander.